SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
**Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation**

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

Tel: (012) 808-9300
Faks / Fax : 087 220 2729

Geakkrediteer deur SAPD as Jagtersvereniging: Nr 400001; Sportskietorganisasie: Nr 1300091; Beroepsjagvereniging: Nr 1300124
Accredited by SAPS as Hunting association: No 400001; Sport shooting organisation: No 1300091; Professional hunting association: No 1300124

31 Januarie 2022

Geagte: Streekkoordineerders / Takvoorsitters / Skuts

SA Jagters Streek- en Nasionale kleure:

Al vyftien Streke het hul keuses vir die Streekkleure bevestig en die ontwerpe vir SA Jagters Streekkleure is deur beide die Raad en Uitgebreide Raad goedgekeur. Die Raad het ook die ontwerp van die SA Jagters Nasionale Kleure goedgekeur en die Kongres is gepas ingelig hieroor in November 2021..

Die vervaardigers is gereed om die bestellings te prosseseer. Die bestelproses is as volg:

1. Lede word kwartaaliks in kennis gestel van hul **Streekprestasies** deur middel van ‘n amptelike skrywe van gelukwense waarna lede hul **SA Jagters Streekkleure** kan bestel.
2. Voltooi aangehegte bestelvorm.
3. Heg amptelike skrywe van gelukwense aan.
4. Doen elektroniese betaling na SAJWV.

E-pos al 3 (item 2-4) bogenoemde dokumente na Rene by SAJWV winkel by rene@sahunt.co.za om die bestelling te plaas

**SA Jagters Nasionale Kleure**.

Lede wat kwalifiseer vir SA Jagters Nasionale Kleure sal na afloop van die nasionale kampioenskappe in kennis gestel word deur middel van ‘n amptelike skrywe van gelukwense. Wanneer hierdie amptelike skrywe ontvang word kan lede op dieselde wyse hul SA Jagters Nasionale Keure by Rene, by die SAJWV winkel bestel

Streek- en Nasionale SA Jagters kleure kan slegs by die SAJWV winkel bestel word, op bogenoemde wyse. Bestellings kan slegs deur die lid self gedoen word vir verifikasie doeleindes.

Aflewering / afhaal periode is ses (6) weke nadat bestellings bevestig is.

Vriendelike Groete

Skietkomitee